OKKE JAGER: *Interview met de Tijdgeest*, J. H. Kok, N.V., Kampen, 1956.

Dis vir my nie nodig, meen ek, om Okke Jager, die skrywer van die boek *Interview met de Tijdgeest* aan die lesers bekend te stel nie.

Hierdie predikant van die Gereformeerde kerke in Nederland is as 'n

suksesvolle skrywer alreeds baie bekend. Sy boeke strek hul uit oor baie drukke.

In hierdie laaste boek *Interview met de Tijdgeest* wys die skrywer reeds in die eerste hoofstuk op die teenstelling tussen die tydgees van die 19de eeu en die van die twintigste.

„Wat lijkt hij weinig op zijn vader." Die selfversekerdheid van die eerste staan in 'n skerp kontras met die onsekerheid van die laaste. Die skrywer teken die verskil tussen die twee tydgeeste as die verkil tussen die nominatief „ek" en die akkusatief „my". Die mens het in pleks van die subjek, in ons tyd weer die objek, die „lijdend voorwerp" geword.

„En nu moeten wij deze geest beproeven of hij soms uit God is". Hierdie klein sinnetjie is as'tware die program van die opstelle wat na die inleiding volg.

Dis nie my bedoeling om alle opstelle (daar is een en veertig in hierdie boek) in hierdie bespreking te noem nie. Maar in elke opstel word die tydgees „beproef". Die skrywer sê dat dit lyk asof die verskillende hoofstukke soos los sand aanmekaar hang. Die boek mag daarom nie sistematies beskou word nie. Maar nogtans loop deur alle bydraes of opstelle van hierdie boek dieselfde draad van kritiek op die tydgees.

Die skrywer doen dit op sy eie wyse. En hierdie wyse is origineel en veelal verrassend.

Die skrywer weet hoe om te skryf, hy weet ook hoe om die leser te boei. Daar is 'n snelheid in die verskillende hoofstukke wat 'n welhaas kaleidoskopiese indruk maak, vol skerpsinnige paradokse, vol milde humor. Hy is nie suinig met die kritiek nie. Wie dit wil ervaar moet "Een reis langs de Kerken" maar eens lees. Die skrywer sê dat hy „zo nog wel een tijd zou kunnen doorgaan. Maar het is beter dat wij eindigen."

Gelukkig is sy *Interview met de Tijdgeest* na die hoofstuk nog nie beëindig nie. Alle fasette van die lewe — nie die minste van die kerklike lewe nie — word deur Ds Jager getoets. En die tydgees word met skerpte en 'n weldadige humor ondervra.

By die ondervraging blyk dat die „Tijdgeest" weer meer besef het van die teenwoordigheid van die lewende Heer, as wat sy vader van die 19de eeu dit ooit gehad het.

So is daar skerpe en geestige kritiek maar ook 'n bewoënheid, 'n verwagting van iets wat kom, wat werkende is in die „Tijdgees".

Thijs Booy het êrens eenmaal gesê dat daar iets in die Gereformeerde Kerke in Nederland in beweging is. Ek meen dat hierdie boek van een van die predikante uit die Kerke die bewys is van hierdie uitspraak. Daar waai 'n fris wind deur hierdie boek, wat dit baie lesenswaardig maak. Ook hier in Suid-Afrika. Ek dink in die eerste plek aan ons studente, veral ons teologiese studente. Die taal kan mos vir hulle nie 'n hinderpaal wees nie. En die gedagtes prikkel tot denke. Dis nie nodig om in alle opsigte met Ds. Jager saam te stem nie, om nogtans dankbaar te konstateer dat hy ons

mense van hierdie eeu, 'n eeu waarin die tydgees nêrens meer vastigheid vind nie — „Ik zit niet. Ik zweef. Ik ben niet die ik ben. Ik kan elk ogenblik iemand anders worden" — in sy boek wys op die enigste vastigheid wat daar nieteenstaande nog is: Christus.

Ek wil hierdie boek hartlik aanbeveel.

J. F. STUTTERHEIM.